

## VEILINGSVOORWAARDES 2017

1. 'n Maksimum van twee pare in die geval van lovebirds en kaketiese per lot, andersins twee voëls per lot. Volgens klub se diskresie
2. Inskrywingsfooï beloop R30-00 per lot. Geen inskrywings sal aanvaar word sonder betaling nie.
3. Afslaerskommissie van 5% sal deur VERKOPER betaal word.
4. Die Klub aanvaar geen verantwoordelikheid teenoor die voëls voor, tydens of na veiling nie.
5. Die Klub moet sorg vir die nodige sekuriteit van die voëls vanaf die oomblik dat die voëls gehok is en tot en met wanneer die Koper die voëls in ontvangs neem.
6. Slegs voëls wat vooraf ingeskryf is, mag op die veiling aangebied word.
7. Geen voëls sal na die sluitingsdatum aanvaar word nie.
8. Die Klub moet sorg dat die inligting soos deur die verkoper voorsien, korrek op die katalogus verskyn.
9. Slegs geringde voëls sal aanvaar word. Dit beteken gering met 'n geslote ring, korrekte grootte en met 'n jaartal daarop (dwars op ring). Die jaartal moet in katalogus aangedui word.
10. Beperking op OUDERDOM van voëls, soos byvoorbeeld 'n maksimum van:  
TWEË jaar vir kleiner parakiete soos Bourke's, Turquoisines, Kakerikies, ens.,  
DRIË jaar vir Rosellas, Ringnekke, Asiaties, Conures, ens.,  
VYF jaar vir kleiner Papegaaie soos Pionusse, Afrika Papegaaie, Amazone, Eclectus, Kaketoës, ens..  
AGT jaar vir groter papegaaie soos Kaketoës, Macaws, ens.
11. Alle voëls word voetstoots verkoop, onderhewig aan bepalings van punt 17.
12. Geen voëls sal as broeipare op katalogus aangedui word nie, maar wel volgens ouderdom.
13. By die toeslaan van die bod, verskuif die verantwoordelikheid van die VERKOPER na die KOPER. Eiendomsreg van koper begin met betaling van die lot.
14. Die verkoper of sy verteenwoordiger mag tydens keuring en hok van voëls teenwoordig wees.
15. Met die hok van voëls, moet die veilingsbeampte toesien dat:  
Die voëls wat chirurgies geseks is wel sigbaar getatoeer is.  
Die jaartal op ringe ooreenstem met inskrywing.  
Die ring die korrekte grootte vir betrokke spesie is (ring moet nie van poot af getrek kan word nie).  
Indien voëls DNA geseks is, die inligting op die sertifikaat en ring ooreenstem en die sertifikaat aan koper beskikbaar stel.
16. Kos (saad of nektar) en water sal voor en tydens Veiling aan voëls verskaf word.
17. Voëls moet geen defekte van die volgende aard hê nie:  
Voëls moet kan vlieg- geen gebreke of geknippe vlerke nie.  
Hul bekke moet reg wees.  
Vere moet heel en in 'n goeie kondisie wees.  
Moet met beide oë kan sien.  
Moet normaal kan loop en klouter.  
Geen toon defekte (nie meer as een toonnael per poot af wees nie).  
Die voëls moet self kan eet.
18. BEK EN VEERSIEKTE: Indien deur 'n koper verlang, sal daar na afloop van die veiling 'n bloedmonster geneem word om 'n PCR toets vir Bek en Veersiekte te doen. Hierdie is vir die koper se koste. Die koper, verkoper, veilingsvoorsitter en 'n onafhanklike persoon moet teenwoordig wees wanneer bloedmonster geneem word. Indien monster positief toets, sal die koop gekanselleer word.
19. Alle voëls moet van reserwe prys voorsien word op inskrywingsvorm. Voëls wat reserwe prys haal, sal verkoop word.
20. Alle voëls sal deur 'n keurder of paneel goedgekeur word. Die keurder se beslissing is finaal. Voëls wat nie aanvaar word nie, moet onmiddellik verwyder word. In hierdie geval sal inskrywingsfooï verbeur word.
21. Alle permit voëls moet vergesel wees van 'n afskrif van 'n geldige permit.
22. Enige persoon wat die Veilingsterrein betree, doen dit op eie risiko en vrywaar die Klub van alle aanspreeklikheid vir enige besering en/of enige persoonlike verlies of skade aan sy of haar eindom.
23. I.D. Dokument of rybewys moet getoon word by registrasie.